LEEF MET OORGAWE.

Hulle is orals – die mense wat in die agterste ry van die lewe sit en fluister en hulle oë rol. Hulle is die mense wat nie regtig iewers heen op pad is nie, en gretig is om diegene wat wel iets van hulle lewe maak, te kritiseer.

Vandag noem ons hulle sinici. In Jesus se tyd is hulle Fariseërs genoem.

Ek weet nie wat hulle genoem is toe Amerika nog in sy babaskoene was nie, maar ek weet dat hulle toe al daar was. Benjamin Franklin het die mense op ‘n dag toegespreek oor al die wonderlike waarborge van Vryheid wat in die Amerikaanse grondwet voorsien word. Halfpad deur sy toespraak het een van hierdie sinici uitgeroep : “ Maar wat van hierdie ‘ najaag van geluk ?’ Waar is ons waarborg van geluk ?”

Franklin het met ’n glimlag geantwoord: “My vriend, die grondwet waarborg die Amerikaanse burgers slegs die reg om geluk na te jaag;jy moet self sorg dat jy gelukkig is”.

Teen hierdie tyd het jy al seker die waarheid van Franklin se stelling besef. Geluk is nie iets waarop ’n mens geregtig is nie. Daar bestaan nie regeringsfondse daarvoor nie. ’n Mens kan dit nie by ’n gesondheidwinkelof by die weelderigste winkel in die winkelsentrum koop nie. Anders as wat baie glo is rykdom en geluk nie eens verlangs familie nie.

Tog is daar skynbaar ’n klomp mense in hierdie wêreld wat steeds wonder waar ’n mens geluk kan kry, want ons word omring deur passielose lewens, lewens wat in neutraal voort luier en lewens sonder fokus. Diep in ons binneste weet ons dat ons veronderstel is om met oorgawe te lewe. Ons het iets van hierdie eksotiese kwaliteit genaamd “passie” raakgesien in boeke of films en soms in iemand wat ons in die regte lewe ontmoet.

Wat is hierdie mense se geheim ? ’n Handjie vol mense onder ons het ontdek wat die ander brand om te weet: Hoe kan ons ware, polsendeopwinding deel van ons lewe maak? Nie een of ander goedkoop, geblikte, pretparkvervaardigde opwinding nie; ons praat van die ware Jakob. Wat is daar wat mens soggens uit die bed kan laat spring, vol energie en doelgerig by die vooruitsig van nog 24 uur op aarde ?

Ons sal regtig wil weet want baie van ons leef nie voluit nie, nie eens naastenby nie. Ons het ’n gebrek aan passie, maar het wel ’n oorvloed hunkering, verlange, wanhoop, eensaamheid en doelloosheid. Ons kan onthou toe die bloed regtig gebruis het, toe ons harte van opwinding geklop het, toe dit gevoel het asof ons hart en siel na ’n doel gestreef het.

Die beste wysheid die afgelope 2000 jaar kom uit die Woord van God. Gedurende daardie tyd het ’n man genaamd Jesus van Nasaret die aarde bewandel. Ons glo dat Hy oor die sleutel tot ware lewenskrag beskik; nader aan die waarheid; ons glo Hy is die sleutel.Moenie van moeilike lewensvrae probeer wegskram nie. Jou lewe kan more, vandag, sommer nou begin verander.

Die Gees van God wag nie dat jy alles oor tien jaar, of selfs twee weke van nou af, sal begin snap nie.Hy brand van ongeduld! Hy kan nie wag om jou te help om by die goeie dinge te kom wat vir elke mens op hierdie aarde wag nie. Hy is juis nou besig om jou te help om hierdie bladsy te lees en dit op jou lewe van toepassing te maak.

Aan die begin van ’n reis na ’n lewe van oorgawe, is dit my gebed dat jy begin deur jou gemoed heeltemal oop te stel. Maak jou hart en jou verstand oop. Dis die reis van ’n leeftyd – die soeke na al die diepste rykdomme van ’n lewe in die teenwoordigheid van ’n God wat totaal en al onvoorwaardelik, hartstogtelik mal is oor jou.

---------- ----------

Gedeeltes uit die inleiding van ‘Leef met oorgawe’ geskryf deur David Jeremiah en beskikbaar by CUM boeke.